**Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger,vennoot & vriend**

**"VOORSPOEDIGE EN GELUKKIGE 2011!"** **Hierdie hoef nie net 'n nuwejaarswens te wees nie maar is 'n waarborg van God...**



In 2006 het vloede aan die Suid-Kaap verwoesting gesaai en hierdie treinspoor waarop die Outeniqua Choo-Tjoe op 'n stadium gery het, het toegeval. Daar is nou 'n staproete van Victoriabaai na Wilderness en dis veemd om die treinspoor te sien wat net skielik doodloop in die berg met sy mooi groen kombers met pienk-pers blommetjies! Dit het my onwillekeurig laat dink aan die lewe en hoe sekere fasette van 2010 dalk vir jou gevoel het! So asof jy of 'n "spoor" is wat net doodgeloop het? Daar was dalk 'n verwagting wat nie vervul is nie of antwoorde wat net nie vinnig genoeg gekom het nie. Maar die goeie nuus is dat die splinternuwe 2011 'n "treinspoor" kan bied wat jou neem na waar jy wil wees... En jou blik op die toekoms kan so mooi wees soos hierdie tonele langs die verlate treinspoor!





Hierdie maand se inspirasie vertel van die wonderlike plan wat God vir jou lewe en dus vir 2011 ook het. Kyk na God se belofte in **Jeremia 29:5 "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here; voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"** Dis wonderlik hoe die Here met ons praat en hoe Hy dit bevestig. Met hierdie inspirasie boodskap oor die treinspoor in gedagte en biddend dat God sal wys wat ek moet skryf lees ek hierdie uit "One minute devotions for women" van Carolyn Larsen: **"Great news - you are not free-floating! There is a plan for your life, even if you don't know at the moment what it is. God's plan may not be the same as your plan, but as you assess the various situations and set priorities as to how you spend your time, energy and money, you definitely want to get in touch with what God wants for you. It's comforting to know that He is involved in your life and cares about what you do and how you spend your time. He is not trying to hide His plan from you, but you will need to exert some effort to discover it. Spend some time with God asking for His direction and guidance"**

**Wat sê die Bybel oor die pad wat ek die jaar moet loop?**

**1. God gaan vooruit:** Jy loop op 'n paadjie in 2011 wat klaar voorberei is - God het al 12 maande klaar belan! **Deut 31:8 "Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie."** Ons lees ook in **Ps 139:2-5** dat God met al ons paaie goed bekend is, ons gedagtes ken en weet wat ons gaan sê. Hy is almagtig. **2. Niks sal gebeur wat God nie kan hanteer nie!** Doen wat Dawid gedoen het soos in **Psalm 37:5 "Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg."**

**Neem nou tyd en word alleen stil by God en hoor wat Hy vir jou beplan, Hy is getrou! Met Hom is jy nie op 'n "doodloop treinspoor" nie!**

**Dankie vir elk se insette in Hope Explosion Youth Ministries se bediening; hetsy gebed, finansies, ondersteuning of omgee, ons waardeer dit ! Hou ons in jul gebede vir wysheid elke dag. Celeste Steinmann 082 322 5299**